



## Gesondheid en veiligheid in die voedsel-en-drinkbedryf



# Gesondheid en veiligheid in die voedsel-en-drankbedryf

Werkers in hierdie bedryf word aan 'n wye verskeidenheid gevare blootgestel, onder andere:

- Wanneer iemand op dieselfde vlak val, dikwels as gevolg van gladde toestande, kan tot verstuiting en verrekking lei
- Blootstelling aan skerp instrumente, soos messe
- Botsings met interne vervoer soos vurkhysers en houters
- Beserings veroorsaak deur voorwerpe op te tel, herhalende werk te verrig en werkpostuur. Werkers in hierdie bedryf word soms blootgestel aan swaar optelwerk wat hulle self moet verrig en herhalende werk, sowel as swak werkpostuur wat dikwels die gevolg is van onvoldoende ruimte om in te werk en swak ontwerp van die prosesvloei
- Blootstelling aan geraas
- Blootstelling aan biologiese gevare – blootstelling aan biologiese en mikrobiologiese middels kan gepaard gaan met inaseming en inname van stof sowel as werk in hoë humiditeitsvlakke. Hierdie stof kan afkomstig wees van bestanddele wat tydens verwerking gebruik word en hoë humiditeitsvlakke kan velirritasies veroorsaak
- Blootstelling aan chemiese gevare – blootstelling kan plaasvind as gevolg van die hantering van chemikalieë tydens skoonmaakwerk en ontsmetting van verwerkingsoppervlakke
- Blootstelling aan hitte en koue. Die bedryf kan veranderende temperatuurstoestande skep deur bedrywighele soos hittebehandeling, verkoeling en bevriesing. Werkers kan tydens pasteurisasie en inmaakprosesse aan hitte blootgestel word en in verkoelde areas aan koue toestande blootgestel word
- Werk in beknopte ruimtes. Voorbeelde in hierdie bedryf is: opgaartenks en -houters, opvangputte, brandstofenks, druiweparse en -malers en gistingtenks en -houters.

## Gevare veroorsaak deur valle op dieselfde vlak, gebruik van messe, botsings, optel- en herhalende werk

- Hou loopgange en werkoppervlakke skoon en droog deur storting tydens werk te voorkom en voorsien werkers van glywerende skoene
- Voorsien werkers van handskoene om hulle teen meswonde te beskerm
- Verminder geleentehede vir botsings by die uitleg van prosesvloeibedrywighede
- Dui vervoergange en werkareas aan. Maak ook seker dat platforms en trappe van handrelings voorsien is
- Voorkom storting van water/vloeistowwe
- Werkers moet opgelei word in behoorlike opteltegnieke en werkstasies moet so ontwerp word dat die werker genoeg werkruimte het.

### Blotstelling aan geraas

- Sommige bedrywighede soos inmaak in blikkies en bottels en die gebruik van vervoerbande, veroorsaak dat werkers aan oormatige geraasvlakke blootgestel word. Ingenieurs-beheermaatreëls moet toegepas word om die geraasvlakke te verlaag en persoonlike beskerming moet beklemtoon word.



*Werkers in hierdie bedryf word aan 'n wye verskeidenheid gevare blootgestel, byvoorbeeld botsings met interne vervoer soos vrkhyers en houters.*

## Biologiese gevare

Die volgende kan blootstelling aan biologiese gevare in hierdie bedryf beheer:

- Installeer uitlaatventilasie by die bron om stof te verminder
- Voorsien werkers van geskikte persoonlike beskermende klere en verskaf opleiding vir die gebruik daarvan
- Bevorder persoonlike higiëne en verseker fisiese skeiding van werk- en welsynfasiliteite.

## Chemiese gevare

Werkers moet opgelei word in veilige werkprosedures vir elke aktiwiteit, asook noodhulpmaatreëls.

## Hitte en koue

'n Geregistreerde mediese praktisyn of geregistreerde verpleegkundige moet sertifiseer dat werkers medies geskik is.

## Beknopte ruimtes

Die werkgever is daarvoor verantwoordelik om te bepaal of daar beknopte ruimtes in die werkplek is. As daar is, moet alle toegangspunte teen ongemagtigde toegang beveilig of verhoed word en daar moet tekens opgesit word om beknopte ruimtes te identifiseer.

- Werkpermitte moet uitgereik word vir werk wat in 'n beknopte ruimte verrig moet word
- Werkers moet van behoorlike asemhalingsapparaat voorsien word voor hulle 'n beknopte ruimte betree en moet opgelei word in die gebruik daarvan.

## Vallende voorwerpe

- Maak seker dat items wat bo grondvlak gebêre word (bv. op rakke), stabiel is en nie sommer sal val indien dit versteur word nie. Bêre swaarder items op of naby die grond en ligter items hoër op
- Skenk behoorlike oorweging aan opstapel-, hanterings- en verskuiwings-

metodes van goedere om te voorkom dat artikels val

- Maak seker dat hoë voorwerpe wat op hulle eie staan (bv. gassilinders) of voorwerpe wat teen mure leun, stabiel is indien daarteen gestamp word en dat hulle beveilig word.

## Handgereedskap

- Handmesse veroorsaak die meeste beserings en moet veilig of in omhulsels gebêre word wanneer dit nie gebruik word nie
- As handmesse gereeld gebruik word, moet mesbestande beskermende klere gedra word soos bepaal deur die risiko-evaluering (bv. vir slagwerk 'n voorskoot en voorarmskut/handskoen vir die hand wat nie die mes vashou nie)
- Handgereedskap moet in 'n goeie toestand gehou word sodat dit nie onnodig baie krag verg om te gebruik nie.

## Bewegende voorwerpe

- Paletvrkhyers, rakke, trollies ensovoorts wat deur voetgangers beheer word moet, moet waar moontlik, aangewese roetes weg van ander werkers, gebruik. Die persoon wat dit stoot/trek, moet 'n goeie uitsig hê
- Risiko-evaluering moet in ag neem watter ander werkareaspesifieke gevare teenwoordig mag wees (bv. rollende balies of vaatjies, hyshake, items wat deur masjiene uitgeskiet word).

## Voedsel- en drankvervaardiging

Die voedsel- en drankvervaardigingsbedryf behels in der waarheid meer as 30 verskillende bedrywe. Dit wissel van slagplase, suikerraffinaderye en graanmeulens tot moutvervaardiging en distillering van whisky. Die gekombineerde beseringskoers vir die voedsel-en-drinkbedryf is van die hoogste. Beseringskoerse wissel egter aansienlik tussen die verskillende voedsel-en-drinkbedrywe.

Die hooforsake van beserings is steeds:

- beserings veroorsaak deur handhantering en beserings van die spier- en skeletstelsel



- gly-ongelukke op nat of voedselgekontameneerde vloere
- valle van hoogtes
- werkplekvervoer (ook vurkhyservervoer)
- om deur iets getref te word (bv. skerp messe of vallende voorwerpe)
- masjinerie.

Van bogenoemde word noodlottige beserings steeds veroorsaak deur werkplekvervoer, met inbegrip van valle van hoogtes en masjinerie af.

- beserings van die spier- en skeletstelsel
- dermatitis
- geraas
- beroepsasma
- rinitis
- werkverwante stres.



*Werkers moet opgelei word in veilige werkprosedures vir elke aktiwiteit, asook noodhulpmaatreëls.*

## Bedrywe

- Vleis- en visverwerking
- Meulbedryf, dierevoer
- Bakkerprodukte
- Melkprodukte
- Vrugte en groente
- Fyngebak
- Alkoholiese drank en koeldrank.

## Verkoelde en bevrore produkte

Die voedselproduksieketting het drie stadiums – boerdery, vervaardiging en kleinhandelverkope/spyseniering. Voedsel en drank word vervaardig in fabriek van verskillende groottes, van fabriek met slegs 'n paar werkers tot fabriek wat honderde mense in diens neem. Baie medium of groter voedsel- en drankfabriek is trouens self deel van nasionale, of selfs internasionale organisasies met verskillende persele en duisende werknemers.

Die Departement van Arbeid is hoofsaaklik vir die eerste twee stadiums in hierdie ketting – boerdery en vervaardiging – verantwoordelik. Kleinhandelverkope en spyseniering is die verantwoordelikheid van die omgewingsgesondheidsdepartemente van plaaslike owerhede, alhoewel die Departement van Arbeid met hierdie departemente saamwerk om 'n mate van konsekwentheid in die benadering tot gesondheids- en veiligheidsaangeleenthede te verseker.

## Die groter prentjie

Beroepsgesondheid is in die algemeen moeiliker om te bestuur as -veiligheid. Die oorsake en gevolge van swak veiligheid by die werk is onmiddellik en dikwels betreklik maklik om te hanteer. Werkverwante oorsake van swak gesondheid kan moeiliker wees om raak te sien. Dit duur dikwels 'n hele ruk voor simptome ontwikkel, sodat die verband tussen oorsaak en gevolg minder ooglopend is. Sodra daar egter besef word dat daar 'n probleem is en die probleem erken word, word oplossings gedokumenteer. Die algemeenste beroepsgesondheidsprobleme, soos rugbeserings, het soms ander oorsake wat niks met werk te doen het nie. Werkers kan onwillig wees om teenoor hulleself te erken dat hulle werkverwante gesondheidsprobleme het weens

vrese oor hulle werk of die stigma wat aan sekere soorte siektes kleef. Daarom is dit baie belangrik om verergerende faktore wat deur werk veroorsaak word, te identifiseer en te verminder.

Ten spyte van die beskikbaarheid van inligting oor oplossings vir werkverwante gesondheidsprobleme, is plaaslike kennis oor die doeltreffendste oplossings soms beperk. Sommige groter ondernemings in die bedryf neem beroepsgesondheidspesialiste in diens wat gewoonlik 'n mediese agtergrond het. Vir die meeste ondernemings, veral klein ondernemings, is toegang tot betroubare mediese advies oor beroepsgesondheid egter uiters beperk. Die meeste mense besoek hulle huisdokter wanneer hulle 'n gesondheidsprobleem het, maar die meeste huisdokters is nie gekwalifiseer om beroepsgesondheidskwessies te hanteer nie.

Die meeste ondernemings hoef nie spesialisafdelings te stig of mediese adviseurs te betaal om beroepsgesondheid van dag tot dag te hanteer nie. Die meeste gevalle van swak beroepsgesondheid spruit voort uit 'n klein aantal basiese oorsake, wat almal bestuur kan word indien bestuur en werkers saamwerk om praktiese beheermaatreëls te identifiseer wat vir hulle werkplek geskik is. Die gebruik van beroepsgeneeshere en ander kundiges kan egter in gepaste omstandighede kostedoeltreffend wees. Hierdie gedeelte verduidelik die algemene oorsake van swak beroepsgesondheid in die voedsel-en-drinkbedryf en gee raad oor hoe om dit te bestuur.

## Hooforsake

Die hooforsake van swak beroepsgesondheid in die voedsel-en-drinkbedryf is:

- aandoenings van die spier- en skeletstelsel (ASSS): behels hoofsaaklik werkverwante aandoenings van die boonste ledemate (WVABLE) en rugbeserings
- werkverwante stres: wat deur swak werkorganisasie veroorsaak kan word
- beroepsasma: veroorsaak deur inaseming van bakkery- en graanstof
- beroepsdermatitis: van handewas, aanraking met voedselprodukte, ens.
- rinitis: veroorsaak deur stof wat irritasie veroorsaak, soos bakkery- en graanstof, speserye en smaakmiddels
- gehoorverlies deur geraas veroorsaak: waar geraasvlakke 85 dB(A) oorskry.

Van bogenoemde hooforsake is WVABLE en rugbeserings verreweg die



algemeenste. Daar is egter ander beduidende risiko's wat in sekere omstandighede van toepassing is.

### Hoofsaake van beserings van die spier- en skeletstelsel

In die voedsel-en-drinkbedryf word die meeste spier- en skeletstelselbeserings deur net vyf dinge veroorsaak:

- opstapeling/afpak van houers (soos kartondose, kratte en sakke)
- stoot van wioletjies-rakke (soos oondrakke en trollies vars produkte)
- sny, ontbening, opsny, opbinding en ingewandverwydering (soos by vleis en pluimvee)
- verpakking van produkte (soos kaas, fyngebak en koekies)
- hantering van drankhouers (soos die aflewering van kuipe, vaatjies en kratte)
- Dit is sleuteltake waaraan aandag geskenk moet word by die uitvoer van risiko-evaluerings.



*Voorsien werkers van handskoene wat hulle sal beskerm teen meswonde.*

### Hoe weet ons daar is 'n probleem?

Beserings en gesondheidsprobleme is op verskillende maniere sigbaar, soos:

- voorvalle van rug- en ledemaatbeserings
- vae gesondheidsklagtes

- swak produkkwaliteit
- hoë vermorsing van materiaal
- lae uitset
- gereelde klagtes van werkers en rusposes
- selfdoenverbetering aan werkstasies en -gereedskap (bv. opgestopte sitplekke)
- werkers met verbande, spalke, salwe, koperarmbande of magnete.

Probleme kos geld as gevolg van siekte-afwesigheid weens siekte, hoë personeelomset, heropleiding, produksieverliese, ens. Vergoedingsake vermeerder en probleme kan u versekeringspremies beïnvloed.

## Beroepsasma

Databronne toon 'n beduidende vlak van asma in voedsel- en drankvervaardiging. Die hooforsake van asma is inaseming van stof afkomstig van graan en meel, terwyl bakkers die tweede hoogste voorkomssyfer van alle beroepe in die bedryf het.

### Oorsake van beroepsasma

Werkverwante asma tas werkers aan wat stof inasem wat respiratoriese sensitiseerders is – soos stof afkomstig van graan, meel, ensiembymiddels, eierproteïene, visproteïene, speserye en hout – dus is werkers in die meul-, mout-, bak-, visverwerkings- en soortgelyke bedrywe, veral blootgestel. Asma is 'n uiters angswekkende en potensieel lewensbedreigende siekte.

## Beroepsdermatitis

Databronne dui 'n beduidende vlak van dermatitis aan.

### Oorsake van beroepsdermatitis

Beroepsdermatitis tas werkers aan wat vleis, vis, pluimvee, vrugte en groente hanteer, asook bakkers, banketbakkers, kokke, skoonmakers en baie ander werkers.

- By voedselvoorbereiding tas dit gewoonlik die hande en voorarms aan

- Dit veroorsaak rooiheid, afskilfering en blaasvorming van die vel wat dikwels ernstig genoeg is om mense by die huis te hou en hulle te noop om van werk te verander
- Beroepsdermatitis word veroorsaak deur aanraking met water, seep en skoonmaakmiddels (55% van gevalle) en aanraking met 'n wye verskeidenheid voedselsoorte soos suiker, meel/deeg, sitrusvrugte, groente, speserye en kruie, vis en seekos, vleis en pluimvee (40% van gevalle).

## Rinitis

Rinitis (loop- of toe neus) veroorsaak inflammasie van die neusslymvlies en word veroorsaak deur stof wat irritasie veroorsaak.

### Oorsake van rinitis

Stof afkomstig van graan, meel, speserye, smaakmiddels en hout kan rinitis, konjunktivitis (tranerige of krapperige oë) en ander irritasies veroorsaak.

## Gehoerverlies deur geraas veroorsaak

### Oorsake van gehoerverlies weens geraas

Blootstelling aan hoë vlakke van geraas by die werk kan onomkeerbare gehoorskade veroorsaak, wat moeilik kan wees om op te spoor aangesien die uitwerking geleidelik en oor tyd heen opbou. Geraasvlakke kan hoog wees in groot areas (bv. inmaaklokale) of plaaslik wees vanweë 'n raserige aanleg en masjinerie (bv. produkimpak op stortregters). Indien u risiko-evaluering van die perseel aandui dat geraas 'n prioriteit is, moet dit verkieslik by die bron daarvan beheer word.

## Ontwikkeling van 'n beroepsgesondheidsbeleid

Daar is drie algemene kwessies wat by die ontwikkeling van doeltreffende beroepsgesondheidsbestuur in aanmerking geneem moet word.

### 1. Voorkoming

Die werkgewer het 'n regs- en morele verantwoordelik om te doen wat ook al redelikerwys uitvoerbaar is om te voorkom dat werkers werkverwante

gesondheidsprobleme opdoen.

Om werkers se gesondheid te beskerm, moet 'n mens eers weet wat die oorsake van beroepsgesondheidsrisiko's is. In die meeste gevalle is dit ooglopend. Sodra die primêre risiko's (ASSSe, stof, geraas, ens.) geïdentifiseer is, kan stappe gedoen word om die risiko's wat deur elkeen hiervan veroorsaak word, afsonderlik te bepaal, op dieselfde manier as veiligheidskwessies. Dit is belangrik om nie net te bepaal watter individue (of groepe individue) aan hierdie risiko's blootgestel word nie, maar ook die mate van blootstelling en die waarskynlike gevolge. Hierdie kennis is ook nuttig by die werwing van personeel, of tydens rehabilitasie om te verseker dat die werkomgewing nie enige vooraf bestaande mediese toestand vererger nie.



*Sommige bedrywighede soos inmaak in blikkies en bottels en die gebruik van vervoerbande, veroorsaak dat werkers aan oormatige geraasvlakke blootgestel word.*

## Moniteer afwesigheid weens siekte

Bywoningsbestuur het 'n belangrike kwessie vir baie groot werkgewers begin word. Inligting verkry deur bywoning strenger te bestuur kan baie nuttig wees om moontlike werkverwante gesondheidsprobleme raak te sien. Indien daar

sekere poste of dele van die werkplek is waar afwesigheid hoër is, kan dit op 'n probleem dui. Hoë vlakke van rugpyn of WVABL-simptome kan met sekere soorte werk gepaard gaan.

## Luister na die werkers

Heelwat inligting kan by die werkers self verkry word. Werkers mag huiwerig wees om teenoor bestuur te erken dat hulle gesondheids-probleme het as hulle dink dit kan hulle werksvooruitsigte belemmer of indien die inligting sensitief is. Daar is egter 'n aantal maniere om vas te stel wat hulle ervaring is of hulle menings in te samel wat vertroulikheid beskerm en eerliker antwoorde verseker.

## Bestuur die risiko

Net soos met enige ander gesondheids- en veiligheidsprobleem moet die hiërargie van beheermaatreëls gevolg word. Waar moontlik, is dit die beste om die gevaar te verwyder. Individuele beskerming met persoonlike beskermende toerusting (PBT) moet gewoonlik die laaste uitweg wees.

Dikwels verg die bestuur van beroepsgesondheid en -veiligheid niks meer as goeie kommunikasie tussen bestuurders en werkers nie. Dit is gewoonlik onnodig om die hulp van spesialiste of deskundiges in te roep; die betrokkenheid van beroepsgeneeshere en -spesialiste kan egter in gepaste omstandighede kostedoeltreffend wees. Wanneer deskundige advies wel nodig is, hoef dit ook nie noodwendig van 'n mediese aard te wees nie, bv. vir baie ASSS-probleme kan 'n ergonoom meer geskik wees, of vir asma 'n beroepshigiënis.

## 2. Rehabilitasie

Selfs al word alles moontlik gedoen om te voorkom dat mense gesondheidsprobleme as gevolg van hulle werk opdoen, sal daar steeds gevalle wees waar iemand wel siek word. Al is die aanvanklike oorsaak van hulle gesondheidsprobleem dalk nie werkverwant nie, moet die gevolge steeds bestuur word. Iemand kan heel moontlik rugpyn of 'n stresverwante siekte opdoen weens faktore wat niks met die werk te doen het nie, maar as hulle 'n werk doen waar hulle swaar voorwerpe moet optel of wat baie intensief is, is daar 'n goeie kans dat hulle werk die toestand kan vererger en dit in iets

ernstigers laat ontaard. Versuim om 'n voorval van swak gesondheid te bestuur, kan tot 'n meer permanente siekte en die verlies van 'n waardevolle werker lei.

## Het u u beroepsgesondheidsbehoefte geëvalueer en daaraan voldoen?

'n Risiko-evaluering kan bepaal watter hoofaktiwiteite en -situasies waarskynlik werkers se gesondheid kan benadeel sodat u kan besluit hoe om aan hierdie beroepsgesondheidsbehoefte in u maatskappy te voldoen.

Gesondheidswaaktoesig is veral nodig vir gevare waarvoor daar geen beroepsblootstellingstandaarde is om te bepaal of die beheermaatreëls voldoende is nie. Voorbeelde van gevalle waar gesondheidswaaktoesig waarskynlik nodig sal wees, is by 'n risiko van beroepsasma (bv. blootstelling aan sensitiseerders soos graanstof, meelstof, bakkerystof, vis- of eierproteïen of speserye), ASSSe (met inbegrip van WVABLE), blootstelling aan mikrobiologiese infeksies (bv. by slagplase), risiko van dermatitis en waar werkers in warm of koue omgewings werk. Onthou, voedselmateriale kan selfs teen baie lae blootstellings 'n sensitiserende uitwerking hê.

'n Professionele benadering tot beroepsgesondheid is noodsaaklik. Dit kan nuttig wees om dit aan voedselveiligheids-/higiënebehoefte te koppel.

## Aandoenings van die spier- en skeletstelsel

Het u 'n bestuurspakket met maatreëls vir die voorkoming, ondersoek en beheer van beserings van die spier- en skeletstelsel, soos verrekking as gevolg van die gereelde optel van swaar artikels of WVABLE weens herhalende werk? Voorkomende maatreëls is kostedoeltreffend. Dit is onmoontlik om alle gevalle van ASSSe te voorkom, dus is vroeë aanmelding van simptome, behoorlike behandeling en rehabilitasie noodsaaklik.

## 'n Suksesvolle benadering tot die bestuur van WVABLE

### Werkontwerp

Sorg dat gereedskap, masjiene, werkplekke en werkmetodes ergonomies ontwerp is. Skenk aandag aan die vermindering van vibrasies, die krag wat nodig is en postuurveranderinge.



## Duur van blootstelling

Kyk na posrotasie, werkspoed, pouses en hulpverlening. Wees veral versigtig waar die blootstelling verleng word wanneer werkers oortyd werk of tydens werkspitstye.

## Omgewing

Maak seker dat dit warm is en dat daar voldoende ruimte, sitplek en daglig is.

## Risiko-evaluering

In u risiko-evaluering, identifiseer take wat beserings veroorsaak wat een of meer van die volgende vereis:

- krag
- herhaling
- ongemaklike postuur.



*Skenk noukeurig aandag aan opstapel-, hanterings- en verskuiwingsmetodes van goedere om vallende artikels te voorkom.*

Verminder die beseringspotensiaal van hierdie take waar moontlik deur aandag aan hierdie drie oorsake te skenk.

## Voorindiensnemingsifting

Dit sal help om te verseker dat mense nie in poste geplaas word wat bestaande of vorige aandoenings van die spier- en skeletstelsel of ander toestande sal vererger nie.

## Werksplasing

Verseker dat take wat waarskynlik beserings sal veroorsaak, nie aan persone gegee word wat reeds daaraan ly nie en dat take wat beserings vererger, nie aan persone gegee word wat voorheen aan sulke kwale gely het nie.

## Opleiding van werkers

Werkers moet opleiding ondergaan en inligting ontvang oor die aard van waarskynlike beserings en faktore wat dit veroorsaak, veilige optelmetodes (veral postuur en drametodes) en die noodsaaklikheid om beserings aan te meld.

## Moniteer werkers

Kontroleer werkers wat take verrig wat beserings kan veroorsaak of vererger, vroeg in hulle nuwe werk, bv. na vier weke, om te verseker dat daar geen teenaanduidings vir die plasing is nie.

## Voorsiening vir beroepsgesondheid

Verskeie take word hierbo geïdentifiseer, maar u kan ook lyers rehabiliteer en moniteer.

## Hersien siekteafwesigheidrekords

Oorweeg mediese inspeksie van werkers, bv. vier weke na afwesigheid; oorweeg ook toegang tot fisioterapeutiese behandeling, ens., soos nodig.

## Moniteer die doeltreffendheid van die strategie

Om te verseker dat die benadering tot die bestuur van WVABLE doeltreffend is, moet dit gereeld gemoniteer word.

### Bestuur die risiko

- Bepaal watter take 'n ernstige risiko inhou van akute besering (bv. as gevolg van optel) of chroniese besering (bv. weens herhalende bolyfwerk)
- Evalueer hierdie take in detail om te besluit watter faktore die risiko veroorsaak
- Stel meganisasie in waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, bv. kragtrokke, vervoerbande, vakuumhysers, grootmaathantering of outomatisering
- Waar meganisasie nie moontlik is nie, stel maatreëls in om besering te voorkom, bv. verminder gewig van sakke/houers tot 25 kg of minder, verbeter ergonomiese ontwerp van werkstasies en werkareas, posrotasie, opleiding, mediese waaktoesig en posoorplasing
- Konsulteer volledig met veiligheidsverteenwoordigers van vakbonde of ander werkerverteenwoordigers en werkers om doeltreffende en werkbare oplossings vir probleme te vind.

*Blootstelling aan hitte en koue. Die bedryf kan veranderende temperatuurstoestande veroorsaak deur aktiwiteite soos hitte-behandeling, verkoeling en bevrising.*



## Contact details

### Provincial Offices of the Department of Labour

#### Eastern Cape

East London Tel: (043) 701 3000

#### Free State

Bloemfontein Tel: (051) 505 6200

#### Gauteng North

Pretoria Tel: (012) 309 5000

#### Gauteng South

Johannesburg Tel: (011) 497 3222

#### KwaZulu-Natal

Durban Tel: (031) 366 2000

#### Limpopo

Polokwane Tel: (015) 290 1744

#### Mpumalanga

Witbank Tel: (013) 655 8700

#### North West

Mmabatho Tel: (018) 387 8100

#### Northern Cape

Kimberley Tel: (053) 838 1500

#### Western Cape

Cape Town Tel: (021) 441 8000

---

## Labour Centres of the Department of Labour

### Eastern Cape

Aliwal North	Tel: (051) 633 2633
Butterworth	Tel: (047) 491 0656
Cradock	Tel: (048) 881 3010
East London	Tel: (043) 702 7500
Fort Beaufort	Tel: (046) 645 4686
Graaf-Reinet	Tel: (049) 892 2142
Grahamstown	Tel: (046) 622 2104
King William's Town	Tel: (043) 643 4756
Lusikisiki	Tel: (039) 253 1996
Maclear	Tel: (045) 932 1424
Mdantsane	Tel: (043) 761 3151
Mount Ayliff	Tel: (039) 254 0282
Mthatha	Tel: (047) 501 5600
Port Elizabeth	Tel: (041) 506 5000
Queenstown	Tel: (045) 807 5400
Uitenhage	Tel: (041) 992 4627

### Free State

Bethlehem	Tel: (058) 303 5293
Bloemfontein	Tel: (051) 505 6215
Botshabelo	Tel: (051) 534 3789
Ficksburg	Tel: (051) 933 2299
Harrismith	Tel: (058) 623 2977
Kroonstad	Tel: (056) 215 1812
Petrusburg	Tel: (053) 574 0932
Phuthaditjhaba	Tel: (058) 713 0373
Sasolburg	Tel: (016) 970 3200
Welkom	Tel: (057) 391 0200
Zastron	Tel: (051) 673 1471

### Gauteng North

Atteridgeville	Tel: (012) 386 5116
Bronkhorstspuit	Tel: (013) 932 0197
Garankuwa	Tel: (012) 702 4525
Richardsdorp	Tel: (011) 955 4420

Mamelodi	Tel: (012) 805 5090
Pretoria	Tel: (012) 309 5050
Randfontein	Tel: (011) 693 3618
Soshanguve	Tel: (012) 799 7400
Temba	Tel: (012) 717 9500

### Gauteng South

Alberton	Tel: (011) 861 6130
Benoni	Tel: (011) 747 9601
Boksburg	Tel: (011) 898 3340
Brakpan	Tel: (011) 744 9000
Carletonville	Tel: (018) 788 3281
Germiston	Tel: (011) 345 6300
Johannesburg	Tel: (011) 497 3000
Kempton Park	Tel: (011) 975 9301
Nigel	Tel: (011) 814 7095
Randburg	Tel: (011) 781 8144
Roodepoort	Tel: (011) 766 2000
Sandton	Tel: (011) 444 7631
Sebokeng	Tel: (016) 988 2626
Soweto	Tel: (011) 939 1200
Springs	Tel: (011) 365 3700
Vanderbijlpark	Tel: (016) 981 0280
Vereeniging	Tel: (016) 430 0000

### KwaZulu-Natal

Dundee	Tel: (034) 212 3147
Durban	Tel: (031) 336 1500
Estcourt	Tel: (036) 352 2161
Kokstad	Tel: (039) 727 2140
Ladysmith	Tel: (036) 638 1900
Newcastle	Tel: (034) 312 6038
Pietermaritzburg	Tel: (033) 341 5300
Pinetown	Tel: (031) 701 7740
Port Shepstone	Tel: (039) 682 2406
Prospecton	Tel: (031) 913 9700
Richards Bay	Tel: (035) 780 8700
Richmond	Tel: (033) 212 2768

Stanger Tel: (032) 551 4291  
Ulundi Tel: (035) 879 1439  
Verulam Tel: (032) 541 5600  
Vryheid Tel: (034) 980 8820

## Limpopo

Giyani Tel: (015) 812 9041  
Jane Furse Tel: (013) 265 7210  
Lebowakgomo Tel: (015) 633 9360  
Lephalale Tel: (014) 763 2162  
Makhado Tel: (015) 516 0207  
Modimolle Tel: (014) 717 1046  
Mokopani Tel: (015) 491 5973  
Phalaborwa Tel: (015) 781 5114  
Polokwane Tel: (015) 299 5000  
Seshego Tel: (015) 223 7020  
Thohoyandou Tel: (015) 960 1300  
Tzaneen Tel: (015) 306 2600

## Mpumalanga

Baberton Tel: (013) 712 3066  
Bethal Tel: (017) 647 5212  
Carolina Tel: (017) 843 1077  
Eerstehoek Tel: (017) 883 2414  
eMalahleni / Witbank Tel: (013) 653 3800  
Ermelo Tel: (017) 819 7632  
Groblersdal Tel: (013) 262 3150  
Kwamhlanga Tel: (013) 947 3173  
KaMhlushwa Tel: (013) 785 0010  
Lydenburg Tel: (013) 235 2368  
Middelburg Tel: (013) 283 3600  
Nelspruit Tel: (013) 753 2844  
Piet Retief Tel: (017) 826 1883  
Sabie Tel: (013) 764 2105  
Secunda Tel: (017) 631 2594  
Standerton Tel: (017) 712 1351

Volksrust Tel: (017) 735 2994

## Northern Cape

Calvinia Tel: (027) 341 1280  
De Aar Tel: (053) 631 0952  
Kimberley Tel: (053) 838 1500  
Kuruman Tel: (053) 712 3952  
Postmasburg Tel: (053) 313 0641  
Springbok Tel: (027) 718 1058  
Upington Tel: (054) 331 1752

## North West

Brits Tel: (012) 252 3068  
Christiana Tel: (053) 441 2120  
Klerksdorp Tel: (018) 464 8700  
Lichtenburg Tel: (018) 632 4323  
Mafikeng Tel: (018) 381 1010  
Mogwase Tel: (014) 555 5693  
Potchefstroom Tel: (018) 297 5100  
Rustenburg Tel: (014) 592 8214  
Taung Tel: (053) 994 1710  
Vryburg Tel: (053) 927 5221

## Western Cape

Beaufort West Tel: (023) 414 3427  
Bellville Tel: (021) 941 7000  
Cape Town Tel: (021) 468 5500  
George Tel: (044) 801 1201  
Knysna Tel: (044) 382 3150  
Mitchell's Plain Tel: (021) 376 1771  
Mossel Bay Tel: (044) 691 1140  
Oudtshoorn Tel: (044) 272 4370  
Paarl Tel: (021) 872 2020  
Somerset West Tel: (021) 852 2535  
Vredenburg Tel: (022) 715 1627  
Worcester Tel: (023) 347 0152

*Afrikaans, Layout and design by the Design Studio, Chief Directorate of Communication,  
Department of Labour. Website: [www.labour.gov.za](http://www.labour.gov.za)*



labour

Department:  
Labour  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA